

leiers soos die reënkoninkin Modjadji (pp. 93-111) en met die bekende Joao Albasini, Portugese vise-konsul in die Zuid-Afrikaansche Republiek (pp. 112-114) bied interessante leesstof. Hy wys ook op die verbassing (p. 113) by Boere van Zoutpansberg toe hulle agterkom dat hy as Portugese inderdaad 'n Blanke was! Benewens Das Neves se beskrywing van die dierelewe en plantegroei in Mosambiek en Transvaal rapporteer hy volledig oor die jaggebruik en handel van die inboorlinge van dié gebiede. Ofskoon nie huis baie akkuur nie beskryf hy kortlik die noordwaartse verhuisings van die Voortrekkers, die moord op Piet Retief en sy manne, die slag by Bloedrivier en die dood van Dingane (pp. 146-170). Hy gee verder sy stiening oor hoe die verhouding tussen die ZAR en Mosambiek behoort te wees (p. 171) en bepleit reeds in 1860 die bou van 'n spoorlyn tussen die twee buurstate (p. 175).

Uit Das Neves se beskrywing van die dorp Zoutpansberg (die latere Schoemansdal) kan 'n redelik duidelike beeld van die sosiaal-ekonomiese lewe in die vorige eeu gevorm word, onder meer die ware wat hy aan die Boere verhandel het (p. 114), die produkte wat hulle weer aan smouse verkoop het (p. 144), die huis waarin hy gewoon het en die Zoutpansbergers se geloof in spoke (pp. 178-194).

Die laaste vier hoofstukke van Das Neves se verhaal handel oor sy terugreis na Lourenco Marques en sy aankoms daar op 9 Julie 1861. Ook hierdie gedeelte is ryk aan avonture en boei die leser end-uit.

In die lig van die rekonstruksie van die vergane Voortrekkerdorp Schoemansdal, die sluiting van die verdrag van Nkomati en 'n groeiende belangstelling in Portugese-Suid-Afrikaanse verhoudings as gevolg van die herdenking vanjaar van Dias se ontdekking van die Kaap 500 jaar gelede, is dit paslik dat so 'n uiters informatiewe en lesenswaardige pennevrug herdruk is. Die Staatsbiblioek verdien lof dat hulle huis op hierdie publikasie besluit het.

Soso De Vaal in sy voorwoord aandui, is die werk van belang vir die historikus, argeoloog, volkekundige, ornitoloog, dierkundige, landboukundige en die gewone leser. Veral vir die streek- en kultuurhistorikus bevat die boek waardevolle en tydgenootlike inligting oor die vestiging en lewenswyse van die Transvaalse pioniers.

O.J.O. FERREIRA
Universiteit van Pretoria

A. GRANT, R. MAYO and D. SLEIGH. *The Huguenots*. Maskew Miller Longman : Cape Town, 1988. 128 pp. Illus. R9,95 (exclusive). ISBN 0 636 01082 1.

A number of works on the Huguenots have appeared recently to mark the 300th anniversary of the arrival at the Cape of the first group of these French refugees in April 1688. However, this book differs from most of the others in that it does not focus on conditions at the Cape, the Huguenots' struggle to survive there or indeed on their undeniable contribution to our South African heritage, although all these aspects do receive cursory attention.

Instead, the main emphasis of the work is to discuss the conditions prevalent in France in the late 16th and 17th centuries, showing why the Protestants found life there so untenable that they fled the country and made their new homes in countries such as the Netherlands, England and South Africa. It is significant that they emigrated despite legislation which expressly forbade their leaving and which threatened them with vicious punishment should they be found attempting to escape.


According to the information at the back of the book, it has been "written in an immediate and evocative style that will make it especially attractive to the younger reader". However, it is this somewhat clichéd style which may well irritate the reader whatever his age. Another discordant note is the frequent italicization of words which are then listed in the glossary at the end of the book and provided with brief explanations. Many of these words (*symbolic* on p. 12 and *pastor* on p. 16, for example) are surely not beyond the comprehension of the average young reader who could, after all, use a dictionary if necessary.

Although historically accurate, the story which unfolds is somewhat disjointed. The authors have elected to write a book "not about movements or revolutions [but] about people". In doing so they have, however, fallen into the trap of describing a number of incidents, many of which tend to stand in isolation, without capturing the spirit of the times. Certainly the reader is made aware of the extremes of religious intolerance which the French Protestants had to endure, but the intrigue and the jostling for power which are the reason behind this intolerance, are missing. The social aspects which the authors claim to be emphasizing, are also a little sketchy. The reader does not, for example, become aware that Protestants, at most, represented only 5% of the population of the time, or that the majority of these were drawn from the lower strata of European society.

Even allowing for the fact that this book has been written with young readers in mind, there are rather too many gaps in the picture which emerges.

This book may, however, give scholars some background material when they learn about the arrival of the Huguenots in South Africa. It is printed on good quality paper and is provided with many interesting maps and photographs. Despite a number of errors (e.g. *church* for *church* on p. 17; *no* for *not* on p. 42, and *originally* for *originally* on p. 69), it is otherwise competently presented. In short, it is an attractive but not a particularly informative addition to the bookshelf.

BRIDGET THERON
University of South Africa



J.F. GREWAR. *The vanished saddleback : the story of Phalaborwa*. Purnell : Johannesburg, 1980. 122 pp. Geill. R6,00 (eksklusief). ISBN 0 86843 033 1. (Verkrybaar van die oueur, Tulbaghstraat 103, Phalaborwa 1390.)

Hoewel hierdie boek oor die Noordoos-Transvaalse myndorp Phalaborwa reeds 'n paar jaar gelede gepubliseer is, verdien dit nogtans wyer bekendstelling. Die hooftitel is 'n interessante verwysing na Loolekop wat aanvanklik die vorm van 'n saalrug gehad het maar as gevolg van mynboubedrywigheid heeltemal weggewerk is.

Die skrywer spoor die oorsprong van die relatief jong dorp na van lank voor sy amptelike stigting in 1965, tot met moderne verwikkelinge in die groeiende nywerheidskompleks wat ook tekens toon dat dit tot een van Suid-Afrika se grootste en rykste mynbousentraal groei. Die boek lewer dus 'n belangrike bydrae tot streekgeskiedenis en ofskoon dit nie die eerste publikasie oor die geskiedenis van Phalaborwa is nie (A.P. Cartwright se *Phalaborwa, a mining success story* het reeds in 1972 verskyn en is in 1986 bygewerk), gee dit 'n nuwe benadering tot die onderwerpveral omdat soveel klem op die rol van die individu gelê word.

Die gemaklike skryfstyl wat sy as journalist ontwikkel het, het die oueur nuttig te pas gekom in die samestelling van die werk. Dit is egter geen poging tot wetenskaplike geskiedskrywing nie; derhalwe is daar ook nie 'n verwysingsstelsel nie en 'n baie beperkte bronnelys (elf items). Die navorsing berus hoofsaaklik op onderhoude en 'n paar populêre publikasies, terwyl slegs 'n gedeelte van die plaaslike owerheid se notule geraadpleeg is. Die belangstellende leser of student sal dit dus moeilik vind om die feite te verifieer of om die boek as basis vir verdere navorsing oor die onderwerp te gebruik.

Afgesien van die gebrek aan 'n wetenskaplike benadering, moet die afwesigheid van 'n register en 'n kaart om die dorp en distrik se ligging aan te dui as 'n besliste leemte vermeld word. Kaarte van die dorp en van die myne self sou ook bydra om plekke wat genoem word, te lokaliseer en te illustreer. Die insluiting van talle histories-interessante foto's is egter 'n pluspunkt.

Die kom verder vreemd voor dat bykans 'n kwart (drie hoofstukke) van die boek handel oor die lewe van 'n enkele persoon (dr. Hans Merensky), terwyl dit in werklikheid niets met Phalaborwa te doen het nie. Die belangrikheid van die figuur kon voldoende beklemtoon gewees het binne die konteks van die ontstaan en ontwikkeling van die plek self. Per slot van rekening handel die publikasie oor die geskiedenis van Phalaborwa en nie oor die lewe van Hans Merensky nie.

Nog 'n steunende aspek is dat die skrywer grootliks nalaat om die verhaal chronologies te laat ontplooi. Dit gee soms aanleiding tot 'n herhaling van gegevens wat die leser terugvoer na 'n periode wat reeds aangesys is. Die gemiddelde leser sal die talle maatskappynname en tegniese detail oor mineraal en mynboumetodes waarskynlik ook verwarring vind (al was die vermelding daarvan uiteraard seker onvermydelik).

Enkele gevalle van misvattingen, vergissings of foutiewe inligting is ook hinderlik. So byvoorbeeld kon dr. Martin Schwellnus onmoontlik van 1908 tot 1910 navorsing oor Loolekop vir sy doktorsgraad gedoen het (p. 11). Hy was in 1908 nog nie gebore nie en het sy studie waarskynlik eets in die 1930's onderneem. (Terloops, 'n mens sou verwag dat die belangrikheid van Schwellnus se navorsing meer aandag sou geniet in 'n boek wat juis oor die resultate van sy bevindings handel.) Volgens kenners is dit 'n mite dat die please in die Phalaborwa-Mica-omgewing deur die landmeter wat die opmetings gedoen het, na sy baie kinders vernoem is (soos die skrywer dit op p. 14 as 'n "feit" stel). Sy aanvaar ook die populêre weergawe vir die oorsprong van die naam Phalaborwa, nl. "n beter suide", as die korrekte betekenis (p. 77). Die vraag ontstaan egter of sy bewus is van die meer logiese verklaring, nl. "om die boog glad te maak". Vandag nog groei in die omgewing die skurwevy (Ficus capreifolia of "sandpaper fig"), in Tsonga bekend as die "halavurha" ("phala" = om glad te maak, en "vurha" wat "bora" geword het = boog). In die ou dae het die Sjangaans die skurwe blare soos skuurpapier gebruik om veral hulle boë af te werk.

As die probleme wat gepaard gaan met die skryf van 'n streekgeskiedenis